Ouderdom: GR 4 - 7

HET JESUS REGTIG GESTERF EN OPGESTAAN!!

Voer die volgende toneelstuk op: (Dit is veral vir groter kinders geskik).
Jy het 'n nuusleser en 'n vrou nodig. Dit is 'n toneelstuk wat homself goed daartoe leen dat twee volwassenes (leidsters – 'n man en 'n vrou) die toneelstuk opvoer. Die kinders word by 'n later geleentheid betrek.

Nuusleser: 'n Man met die naam Jesus het weer lewendig geword nadat Hy aan die kruis op Golgota gesterf het. Hy was begrawe vir 3 dae hier in die tuin graf. By my is 'n vrou wat sê dat sy nou net met Jesus gepraat het. (Draai dan na die vrou toe en vra:) Wat is jou naam mevrou en vertel vir ons presies wat gebeur het asseblief.

Vrou: Goeiemôre meneer. My naam is Maria Magdalena. Ek en my vriendin het vanoggend hier na die graf gekom waarin Jesus begrawe is, in daardie graf, daar. Die steen voor die graf was weggerol. Toe skielik was daar 'n engel van die hemel. Dit was 'n asemrowende gesig om te sien.

Nuusleser: Hoe het die engel gelyk? Het die engel enige iets vir jou gesê?

Vrou: Die engel het soos helder weerlig gelyk en sy klere was so wit soos sneeu. Hy het vir ons gesê ons moenie bang wees nie. Hy weet ons het kom kyk na Jesus, maar Jesus was nie meer daar in die graf nie. Jesus het opgestaan. Toe het hy ons uitgenooi om in te gaan en te sien dat die graf regtig leeg was.

Nuusleser: Wat van die wagte wat wag gehou het, wat het met hulle gebeur?

Maria: Hulle het van vrees flou neergeval, want hulle moes die graf oppas, sodat niemand vir Jesus uit die graf kan kom steel nie.

Nuusleser: Wat het toe verder gebeur?

Maria: Ek en my vriendin het gehardloop, terug na Jerusalem om Jesus se dissipels te gaan vertel wat gebeur het.

Nuusleser: Wat het Jesus vir hulle gesê?
Maria: Dit was wonderlik, Jesus het vir ons gesê dat ons nie moet bang wees nie, en dat ons vir die ander (die dissipels) moet gaan vertel dat Hy opgestaan het, en dat hulle na Galilea toe moet gaan.

Nuusleser: Wat 'n wonderlike storie! Dankie Maria Magdalena.

Leidster gaan voort om te vertel: Toe Maria Magdalena vir die dissipels vertel het wat hulle gesien het, was die dissipels baie skepties, m.a.w. hulle het nie geweet of hulle dit moes glo nie. Hulle het gewonder of Maria dit nie net gedroom het nie. Die Bybel sê dat Jesus vir ons sondes gesterf het, en dat Hy na 3 dae opgestaan het. Baie mense sukkel om dit te glo, maar die Bybel sê dit baie duidelik dat Jesus gesterf het vir ons sondes EN opgestaan het uit die dood. Ja, Jesus is die gekruisigde Here wat weer opgestaan het.

Ons gaan nou in drie groepies verdeel, en elke groepie gaan ‘n beurt kry om vir ons uit die Bybel die volgende tekste te lees om vir ons die volgende dinge te bewys:

1. **Dat Jesus regtig gesterf het:** Luk 23:44-46, Matt 27:59-60, Joh 19:33-34

2. **Dat Jesus regtig opgestaan het:** Joh 20:1,6,7, Matt 28:6, Luk 24:5-6

3. **Dat Jesus se sterwe aan die kruis en Sy opstanding ons red:** 1 Joh 1:8, Joh 3:16, 1 Petrus 1:18

Afsluiting: Kom ons maak ‘n kringetjie, en dan bid elkeen net een sinnetjie waarin ons vir Jesus baie dankie sê dat Hy vir ons aan die kruis gesterf het, maar dat Hy ook opgestaan het en lewe, sodat ons eendag saam met Hom in die hemel kan leef.